Hoe om die data van Winkerk 7 te rugsteun en te herwin met SQLTool.

Maak asb seker dat u reeds ten minste Winkerk 7.0.0.29 afgelaai en ge-installeer het. Indien u reeds 7.0.0.29 ge-installeer het, sal u in die C:\Winkerk 7 gids 'n program kry met die naam SQLTool.exe. U kan gerus vir uself 'n kortpad (Shortcut) na hierdie program skep. Aktiveer asb hierdie program. Wanneer u die program die eerste keer aktiveer sal u die volgende skerm sien.



Tik dan na die woord "localhost" die volgende in: "\sqlexpress" en kliek op die opsie "SQL Server" in die "Authentication" blokkie soos in meegaande voorbeeld. By die "Username" moet u "sa" intik en by die "Password" die woord "infokerk101" en klik dan op "Connect".



Die volgende inligting sal dan in die groot wit blok verskyn. (Op u rekenaar behoort net WinkerkDB en WinkerkMSG te verskyn.)

LW 1: As WinkerkMSG nie daar is nie, moet u ons asb kontak.



LW 2: Indien u 'n foutboodskap kry, nadat u op "Connect" gekliek het, kan dit wees dat u rekenaar nie die "Hoofrekenaar" is nie. Herhaal dan die prosedure op die hoofrekenaar. Dit kan ook wees dat u SQL Server program nie tydens die "Start-up" van Windows "opgestart" het nie. In so geval kan u by die "Control Panel" in Windows na "Administrative Tools" en dan na "Services" gaan. Soek vir SQL Server (SQLExpress) en kliek op die "Start" knoppie.

A. RUGSTEUN VAN DATA.



Klik met u muis op WinkerkDB en dan op die knoppie "Backup"



Die volgende skerm sal dan oopgemaak word. U moet in hierdie skerm kies waarheen u die data wil backup.

(Onthou u moet direk na die eksterne hardeskyf of geheuestokkie skryf, of indien u dit sommer tydelik op die rekenaar self wil doen, moet u dit na C:\Winkerk7 skryf.)

Blaai (Browse) na u Geheuestokkie en onthou om langs File name WinkerkDB.bak in te tik. Klik dan op "Save" Binne enkele sekondes sal die volgende skerm verskyn.





Klik op "OK" en maak die SQLTool program toe. U rugsteun is gedoen.

B. HERWIN VAN DATA.



Maar weer SQLTool oop en maak seker dat daar langs "Server" "localhost\SQLEXPRESS" staan, en maak ook seker dat u by "Authentication" "SQL Server" kies en dan die Username "sa" intik en die password "infokerk101" gebruik en klik dan op "Connect".

Die skerm soos hierlangsaan sal dan weer verskyn. Klik op WinkerkDB en dan op "Restore".





Die skerm hierlangsaan sal dan verskyn. Tik die woord WinkerkDB as naam vir die databasis en klik op "OK"

Die volgende skerm sal verskyn waar u moet "Browse" na die plek waar u rugsteun lêer op gestoor is. In meegaande voorbeeld is dit die G: aandrywer. Klik op WinkerkDB.bak en klik op "Open"



Die volgende skerm verskyn dan.



Klik op die C: aandrywer en dan op Winkerk7 en klik dan op "OK".

Die onderstaande boodskap sal dan verskyn.



QED